

OPENING VAN BOEREDAG OP BIEN DONNE: DEUR MNR. P.M.K.  
LE ROUX, MINISTER VAN LANDBOU-TEGNIËSE DIENSTE.

Vir vrystelling om 10 vm. op 8/11/1962.

Mnr. die Voorsitter, Dames en Here,

Dit is vir my werklik 'n voorreg om vanoggend hier te kan wees en deel te neem aan verrigtinge in belang van 'n bedryf wat, vanuit die oogpunte van volksvoeding en valutaverdiens, 'n reuse bydrae tot die ontwikkeling van ons land lewer. Die voorreg is vir my des te groter omdat dit my die geleentheid verskaf om nouer te kan skakel met lede van 'n vooruitstrewende boeregemeenskap deur wie se vernuf die vrugtebedryf uitgebou is tot een van die belangrikstes in ons landbou. Ek wil my dan ook haas om my gelukwense en ook my waardering - aan ons vrugteboere oor te dra op die pragtige prestasies wat hul reeds behaal het.

Nou, mnr. die Voorsitter, ek verwelkom die geleentheid, wat u my deur u vriendelike uitnodiging gebied het, om 'n paar gedagtes i.v.m. die onmiddellike toekoms van ons vrugtebedryf uit te spreek.

Waar mens egter vir die toekoms wil gereed maak, is dit natuurlik nodig om eers vas te stel wat die huidige posisie is. Dit het in die jongste jare baie voorspoedig gegaan met produksie in baie vertakkinge van die landbou. Ook die vrugtebedryf het geweldig uitgebrei, in so 'n mate dat dit vandag nie alleen die grootste boerderyvertakking in Wes-Kaapland is nie, maar saam met die inmaakbedryf, naas wol, die meeste buitelandse valuta verdien in die hele landboubedryf.

Dit is daarom verstaanbaar dat met hierdie fenomenale uitbreiding, sommige die vrees begin koester dat ook hierdie vertakkinge van die boerdery op surplusse afstuur. Ander mag nou ook bedenkinge hê oor die gevolge van die moontlike toetrede van Brittanje tot die Europese Gemeenskapsmark.

Mnr. die Voorsitter, omdat niemand sonder meer besliste voorspellings kan maak nie, is dit vir ons nodig om koppe bymekaar te sit en die hele posisie, met inagneming van alle moontlike verwickelinge, noukeurig te ontleed en op grond van so 'n ontleding dan ons gedraglyk vir die toekoms te bepaal.

Laat ons nou eers kyk na die gevaar van die produksie van surplusse. Vir sover dit tafeldruif betref, was daar nie groot aanplantings nie. In 1958 was daar iets meer as 12,300,000 tafeldruifstokke, waarvan slegs 13.4% nog nie in drag was nie. As die kommersiële lewe van 'n tafeldruifstok op 20 jaar gestel word, sou 'n mens nie 'n toename in die oes verwag nie, omdat die jong stokke wat nou in drag kom, feitlik net die uitgeleefde stokke se produksie vervang.

In die geval van appels is die prent egter heel verskillend. In 1958 was daar byna 3,000,000 bome reeds geplant, waarvan 48% (m.a.w. byna die helfte) nog nie in drag was nie. Omdat 'n baie klein persentasie van die bestaande bome werklik oud is, en aangesien die appelboom tot 'n baie hoë ouderdom produktief bly, kan 'n aansienlike toename in appelproduksie dus verwag word. Daar word beraam dat teen 1966 die huidige produksie bykans verdubbel sal wees. Hierdie groot toename in die aanplanting van appels, wat byna 50% uitmaak van al die sagtevrugtebome wat aangeplant is, het meegebring dat die appels die belangrikste uitvoervrug van Wes-Kaapland geword het.

Pere is ook op 'n baie groot skaal aangeplant. Peeraanplantings maak byna 27% uit van al die bome wat aangeplant is en waarvan die vrugte uitgevoer word. In 1958 was daar reeds meer as 1,400,000 bome geplant, waarvan slegs 45% in drag was. Dit kan dus verwag word dat peerproduksie, net soos in die geval van appels, in die nabye toekoms sal verdubbel. Dit sal ook die inmakers interesseer om te verneem dat 50% van alle peerbome wat tans aangeplant is, uit Bon Chrètiens bestaan.

Die aanplanting van alle ander uitvoervrugtesoorte was egter betreklik gering, en in enkele gevalle selfs sorgwekkend gering, soos in die geval van appelkose, pruime en desserperskes.

Wat vrugte vir inmaakdoeleindes betref, het ek nou net melding gemaak van die geweldige aanplanting van Bon Chrètienspers. Dit geld ook vir taaiptinmaakperskes, waarvan die tempo van aanplanting waarskynlik nog vir 'n geruime tyd sal volhou namate die nuwe variëteite vir die boer beskikbaar word.

Die vrees vir surplusproduksie het dus eintlik slegs betrekking op appels en pere, vir sover dit die uitvoermark vir vars vrugte betref, en op pere en perskes vir inmaak.

As ons nou, gedagtig aan hier verwagte toename in produksie, prystendense in die afgelope jare nagaan, vind ons dat, ten spyte van die groot toename in die uitvoer van sagtevrugte, die daling van pryse op die oorsese markte betreklik gering was in verhouding tot die groot styging in aanbod - in werklikheid 'n aansienlik kleiner daling as wat deur kenners verwag is. Dit is 'n bemøedigende verskynsel, veral as ons in aanmerking neem dat die hoeveelheid vrugte wat van ander wêrelddele op dieselfde Europese markte verkoop is, ook aansienlik gestyg het.

Dit wil dus voorkom asof die Europese mark nog glad nie versadig is nie en nog aansienlik kan uitbrei.

To revert now to the misgivings about Britain's entry into the European Common Market, I can only say that, while it is impossible at this stage to forecast accurately what the impact on our fruit industry will be, I do not think that there is cause to be unduly pessimistic. In fact, it is even possible, provided we can succeed in reducing production costs without sacrificing quality, that the Euromart may in the long run prove to be a boon to our fresh fruit industry. Europe has become an important consumer of fruit and, to date, South African fruit has formed but a small percentage of the total quantity of fruit imported by the European countries. Of the 40,000 tons of grapes imported by the United Kingdom, for example, 27% was from South Africa. In the case of apples, we provided 18% of the 189,000 tons imported; but in respect of apricots and peaches, only 2% and 2½%, respectively, came from South Africa.

These figures show, unquestionably, that there is a potential market in Europe for much larger quantities of fruit than we have been exporting up to now.

Furthermore, the economy of the Eirmart Countries is bouyant and has gone ahead by leaps and bounds. This fact, together with the stabilising influence which an economic alliance among the countries concerned will undoubtedly exercise in many spheres, is another factor which, in the longterm outlook, must be regarded as favourable.

On the other hand, it is true that we shall lose the benefit of trade preferences and may possibly have to be content with lower prices for our fruit. But I believe that, if we apply ourselves to the task with determination, we shall be able to offset these disadvantages by reducing production costs and exporting larger quantities of fruit.

Now, Sir, I should like to say at once that, when I speak of lowering production costs, I do so with a good deal of diffidence, as I know from experience that it is much easier said than done, I do feel, however, that the fruit industry is particularly well equipped to increase its efficiency of production.

In the first place, our fruit growers have the knowledge and experience that are needed to grow quality crops. We are favoured with a climate suited to the production of deciduous and other fruits, and situated as we are in the Southern Hemisphere, we can produce out-of-season fruit for countries in the Northern Hemisphere. Coupled with this, we have at our disposal 152 ships with a total of 17,800,000 cubic feet of shipping space, equipped for refrigeration at temperatures ranging from - 50°F to 32°F and over. This is  $2\frac{1}{2}$  times as much as the total refrigeration space available for fruit storage in South Africa. The facilities available to us for the export of fresh fruit are, indeed, second to none in the world and are in fact the envy of our competitors.

Our main problem today, therefore, centres around the lowering of production costs, in which connection not only the producers themselves, but also the Cannerymen, the Deciduous and Dried Fruit Boards, and certain State Departments all have important roles to play. I take this opportunity to assure the industry as a whole of the earnest desire of the Department of Agricultural Technical Services, which I control, as well as of its sister Department of Agricultural Economics and Marketing, to afford our fruit growers every possible assistance in their approach to this involved problem. I am convinced that the only manner in which the future of the industry can be safeguarded is by lowering the cost of production per unit of fruit, while maintaining the highest possible quality.

Wanneer ons van laer produksiekoste praat, dan het ek alle simpatie met my medeboere. Ons voorgangers het, egter, altyd daarin geslaag om moeilikhede te oorkom, en ons moet nou die nuwe probleme wat opduik met vasberadenheid en vertrouwe tegemoet gaan. As 'n voorbeeld van wat gedoen kan word, wil ek na die produksie van tafeldruiwe verwys. Daar was geen merkbare toename in die aanplantings van tafeldruiwe nie. Nogtans het die produksie gestyg. Gedurende die afgelope seisoen is alle rekords oortref en is nagenoeg 6,363,000 kassies druiwe na die Verenigde Koninkryk en die Vasteland uitgevoer. Aangesien nie meer grond onder produksie geplaas is nie, is dit duidelik dat produksie deur verbeterde metodes opgestoot is.

Gedurende die periode 1953-57 is gemiddeld slegs 44% van die totale oes verpak vir uitvoer; die ander 56% van die oes wat ook met spesiale moeite geproduseer is, moes plaaslik bemark word of na die parskuip gaan. Maar gedurende die afgelope drie jaar is gemiddeld 56% van die oes verpak vir uitvoer.

Gedurende hierdie tydperk is groot verbeterings in die opleistelsel aangebring. In 1949 was 64% op die klein Perold-prieel en slegs 20% op die skuinsprieel. Tien jaar later, in 1958, was nog net 21% op die Perold-prieel en 67% al op die skuinsprieel.

Dit is verder opvallend dat die tafeldruiwboere gedurende die afgelope dekade daarin geslaag het om nie slegs hul produksie per eenheid op te stoot nie, maar omk om die gehalte van hul druiweoes aansienlik te verbeter en dit na vyf agtereenvolgende droë jare. Hulle verdien voorwaar hoë lof vir hierdie prestasie, waardeur hulle bewys het wat gedoen kan word deur die boer self,

om die doeltreffendheid van produksie te verhoog.

My Departement se aandeel is om deur middel van navorsing en vakvoorligting sy uiterste te doen om die boer se taak om produksiekoste te verminder, makliker te maak. As boer is ek oortuig daarvan dat navorsing die beste belegging is vir die beveiliging van die boerdery. Ek is verder vol vertroue dat ons inrigtings op Stellenbosch in toenemende mate hul navorsigswerk sal verskerp om, ten alle tye, die beste leiding en tegniese advies te kan gee, en ek wil graag kortliks verwys na wat reeds gedoen word.

Uas vrugteboere is bewus van die waarde van goed aangepaste variëteite in 'n streek, en van die gevoel van frustasie wat ondervindings met wanaangepaste variëteite opwek, veral in streke waar vertraagde bot dikwels voorkom. Hierdie navorsingsinstituut het reeds daarin geslaag om goedaangepaste aarbei, dessertperskes en inmaakperskes aan die bedryf beskikbaar te stel. Hierdie teelprogram word onverpoosd voortgesit om aan al die behoeftes van die bedryf te probeer voorsien, ook ten opsigte van beter appelkose, tafeldruiwe, appels, pere en pruime.

Spesiale aandag word ook gegee aan aangepaste onderstamme, aangepas nie alleen ten opsigte van die vrugtesoort nie, maar ook van die verskillende grondtipes. Hierby aansluitend, is die aandag wat nou gegee word aan die lewering van siektevrye-plantmateriaal deur seleksie en intense navorsing, van besondere belang vir die vrugtebedryf. In hierdie verband wil ek 'n spesiale beroep op ons boomkwekers doen om saam te werk, ten einde te verseker dat die pogings van die Departement om beter variëteite en siektevrye-materiaal beskikbaar te stel, nie deur gebrek aan benutting van sulke materiaal verydel word nie. Daar is reeds genoeg hieroor bekend om dit te beklemtoon dat daar nie meer voortgegaan mag word met die lewering van boompië aan boere wat die hoë koste van voorbereiding van grond en die versorging van bome, na jare, vrugteloos maak omdat die bome wat geplant is nie soort-eg is nie, of dat hulle aan een of ander ernstige siekte ly.

Hier word ook besondere aandag geskenk aan die moontlikhede om die produksiepotensiaal van ons gronde te verhoog. Dit vereis dat verskillende aspekte oor die voorbereiding, meganiese bewerking, verdigting van grond, die bemestingsbehoeftes van verskillende boomsoorte en gewenste besproeiingspraktyke ondersoek moet word.

Omdat klimaat so 'n belangrike rol by die produksie van vrugte speel, word spesiale studies in dié verband gedoen. Koue winters is sinoniem met goeie vrugte-oeste, maar hierteenoor is die gevaar van rypskade in die vroeë lente in streke waar koue winters ondervind word. In sommige jare kan so 'n ryp die hele oes vernietig; daarom word spesiale aandag daaraan gewy om die mees ekonomiese metodes te vind om dergelyke skades te voorkom.

Ek oordryf sekerlik nie as ek dit stel dat die sukses van die vrugteboerdery in 'n deurslaggewende mate bepaal word deur die doeltreffendheid waarmee siektes en plae bestry word nie. Dit is ook een van die duurste items van produksiekoste en styg soms tot soveel as R200 per morg. Daarom is dit noodsaaklik dat hiervan 'n baie noukeurige studie gemaak word.

Die bespuitingskoste per kas vrugte word baie verminder deur die produksie per morg te verhoog. Terselfdertyd, egter, is dit ook van die grootste belang dat die vrugte wat wel geproduseer word nie deur siektes of plae vernietig sal word nie. Hoe beter die siektes en plae bestry word, hoe meer vrugte kan weer gepak word; hoe minder besmette vrugte die pakhuis bereik, hoe laer

is die verpakkingskoste, soos wat dan ook in die ondersoeking oor kodlingmot bevind is. Dit is ook die geval met die vrugtevlieg.

Hierdie plaag is in geen geval so belangrik as met die produksie van inmaak perskes nie. Deeglike bestryding hiervan is 'n versekering nie slegs teen direkte verliese as gevolg van besmetting nie, maar ook teen die verlaging van gehalte en pryse. Hierdie hoë peil van doeltreffendheid van beheer van vrugtevlieg is deur hierdie instituut bereik na jarelange toegewyde en fundamentele navorsing, 'n welverdiende sukses wat van geweldige waarde vir die vrugtebedryf in die hele land is.

Die koste aan oes, hantering, verpakking, opberging en vervoer styg nog steeds. Daarom geniet die aspekte wat tot verhoging van doeltreffendheid en vermindering van hierdie kostes mag bydra soveel aandag in hierdie instituut. Ten opsigte hiervan besef ons vrugteboere maar alte sterk dat kwaliteit van vrugte, tot met aflewering by die verbruiker, van die allergrootste belang is vir die bevordering van afset op plaaslike en buitelandse markte. Ongelukkig is die kwaliteit van uitvoerappels verlede jaar baie nadelig getref deur die strawwe voorkoms van bitterpit wat tydens verskeping ontwikkel het. Hierdie ondervinding beklemtoon die noodsaaklikheid van die groots moontlike voorsorg met die pluk en verpakking van vrugte.

Die navorsingseenhede skenk hier ook ernstige aandag aan moontlikhede van meganisasie en massahantering van vrugte,

Daar skyn ook goeie vooruitsigte te wees om die koste van produksie en voorbereiding van vrugte te verlaag deur oordeelkundige toepassing van meganisasie en metodes vir die massahantering van vrugte, moontlikhede wat elke boer baie versigtig moet ondersoek in verhouding tot geregverdigde kapitaalbelegging.

In hierdie hooggespesialiseerde boerdery-vertakking van Wes-Kaapland het die boerdery al hoe meer 'n intensiewe besigheid geword, waarin die boer as eienaar en bestuurder 'n besonder groot verantwoordelikheid het. Hy moet in die eerste plek ten volle ingelig wees ten opsigte van al die nuuste wetenskaplike kennis wat betrekking het op sy besondere gebied. In die tweede plek moet hy elke deeltjie van sy plaas ken, sodat sy grond deur gesonde beplanning tot die grootste voordeel benut kan word. Derdens, moet die boer 'n besonder knap bestuurder wees. Dit is duidelik dat die hedendaagse boer 'n besonder veeleisende taak het, indien hy sy besigheid met sukses wil dryf. Dit het al byna onmoontlik geword om oordeelkundig te boer sonder een of ander vorm van boekhoustelsel. Ek wil dus spesiale klem lê op die noodsaaklikheid om behoorlike rekords te hou.

Dit is 'n onteenseglike feit dat lone gaandeweg styg; gevolglik styg ook die pryse van plaasmasjinerie. Om hierdie hoër kostes te bekamp, moet die boer alles in die werk stel om sy bedryf so te organiseer dat hy met minder arbeid kan klaarkom en sy arbeid so doeltreffend moontlik te gebruik. Om hoër arbeidsproduktiwiteit te verkry, moet die plaasarbeiders beter vir hulle plaastake opgelei word en moet die boer spesiale aandag wy veral aan die bestuur van sy arbeid. Die boer moet kapitaliseer op die inherente aanleg van elke arbeider en dit tot die grootste moontlike voordeel benut. Dit word al hoe meer belangriker namate meganisasie in die boerdery toeneem en groter geldelike laste plaas op die produksieondernemings.

Meganisasie is reeds in 'n groot mate al ingeskakel in boerderye van Wes-Kaapland. Dit is veral hier waar die boer in

baie gevalle groot besparings kan aanbring deur oordeelkundige aankoop, beter versorging en doeltreffende aanwending van elke eenheid. Om die boer beter leiding te gee in hierdie verband, het my Departement onlangs 'n spesiale Afdeling van Landbouingenieurswese in die lewe geroep.

The fruit industry relies not only on the marketing of fresh fruit, but has become more and more interested in the canning and other forms of processing of fruit. The origin of canning was in the kitchen and the farmer of the past had to process his own surplus products. Today fruit processing is a highly scientific and technological undertaking and the grower can no longer process his own surplus products.

In fact the interdependence of the fruit farmer and canner is self evident. The clingstone peach grower is usuallu entirely dependent on the vanner for the disposal of his crop. During the 1961-62 season 50,000 tons of clingstone peaches and 16,400 tons of Bon Chretien pears were canned and realised 28½ million Rand. This emphasises the important role which the canner plays in our fruit industry.

In view of the predominant importance of the United Kingdom market to our canned fruit industry and the imminent entry of the United Kingdom into the European Common Market, the time has arrived when canner and grower must sit down together and do some very serious thinking. Apart from the fruit content, as such, of canned fruit, the Euromart has also imposed protective measures based on the sugar content. Moreover, the climatic advantage mentioned in connection with fresh fruit, does not hold for canned fruits, so that in this field we can expect stiff competition from all fruit canning industries in other parts of the world including member countries of the Euromart themselves. All this points to the necessity of reducing production costs to a minimum.

A first essential in this connection is that suspicion between grower and canner must be eliminated: the need for mutual trust and co-operation between canner and grower cannot be overstressed. When we visit our canning factories we get the impression that the canner is doing his best to modernise his industry. Automation is being introduced wherever possible, labour is being cut, and plant equipment are being brought up to date. Earnest attempts at cutting costs are being made by means of employment of experienced efficiency experts.

The canner is the customer and the grower must produce the fruit in accordance with the canner's requirements. These needs are not mere whims, but are based on sound observation and experimentation. The following figures are to my mind most illuminating: While 3,900 peaches of 3" diameter to a ton, 11,100 peaches of 2" diameter are needed to make the same weight. It is therefore not surprising to find that, with identical facilities, 120,000 tons of 3" peaches can be canned in the same time as it takes to can only 48,000 tons of 2" fruit. It is important to remember that peaches and pears are today handled by machines, and whether a pear is big or small it takes the machine the same time to handle one fruit. This is the main reason for the differential production rate per diameter of fruit.

Another factor that also counts heavily against the use of small fruit for canning is the percentage of each fruit that cannot be utilised: with the pear the core and the peel cannot be used, and with the peach it is the stone and the peel. The smaller the fruit, therefore the greater the percentage which does not go into the can and the lower the yield of canned fruit

obtained from a ton of fresh fruit.

I have thus far referred to sound and healthy fruit only, but feel it my duty to refer also to the countless instances where blemished fruit is sent to the canners. With the stringent competition facing the industry, the aim should be to deliver only sound, top-quality fruit. Blemished and undergrade fruit often does not even pay the transport costs from the farm to the cannery.

The grower must make it his business to find out what the canner wants and, in his own interest, do all in his power to deliver what is required. There is much that growers can do about improving size and quality. This will mean a tremendous saving in the cannery, because good quality fruit lends itself to the highest degree of mechanisation, and sound, well-sized fruit ensures the highest possible yield in canning and appreciable reduction in processing costs. Savings brought about in this way should enable the canner to face world competition and enable him to pay the farmer better prices for better fruit.

If I may digress for a moment, I should like to pose a question, one which I think has a bearing on this whole matter of costs. The question is this: can the expensive cold stores of many of our canneries, which are used for only 8-10 weeks each year not be let to growers? They are used, by the canneries, mainly for the storage of pears and when the pears are already in the can, much of the apple crop is still on the trees. The question arises because so many of these cold stores seem to be so conveniently situated for use by growers.

However, this is merely a suggestion.

The farmer and the canner are both playing a vital role in ensuring optimum utilisation of the fruit produced. Together they are helping to feed the nation, and as I have already stated, the one is supplementary to the other. It would be grossly short-sighted of either to strive for special advantage at the cost of the other, since the prosperity of the canner and of the fruit farmer are in essence inseparable.

Waar ek spesiale melding gemaak het van die belangrike afsetgebied wat die inmaakbedryf vir vars vrugte bied, beteken dit nie dat ek die ander preserveringsbedrywe in dié opsig verontagsaam nie. Wat ek ten opsigte van inmaakvrugte genoem het, naamlik gehalte, grootte, laer produksiekoste, en so meer, is ook ewe belangrik vir hierdie bedrywe. Droog van vrugte, alhoewel op 'n baie kleiner skaal, speel tog 'n baie belangrike en nuttige rol in die vrugtebedryf, veral omdat dit die enigste metode van preservering is wat individuele boere, en veral dié op verafgeleë plase, kan toepas.

Ek wil ook graag die produksie van ander vrugte-produkte soos vrugtedranke, insluitende sappe en konsentrate, sterk aanmoedig. In sommige ander wêrelddele is vrugtedranke feitlik nasionale drank. Vir die verbruiker is dit gesond en vir die boer bied dit 'n waardevolle afset vir gesonde vrugte wat weens grootte, vorm of letsels nie vir die varsmark of vir inmaak geskik is nie. Dit behoort dan ook die minderwaardige vrugte van die mark weg te hou.

Ten slotte wil ek my waardering uitspreek aan Georganiseerde Landbou en die verskillende Beheerrade, Kommoditeitsdienste en die ander organisasies vir hulle bydrae in belang van die vrugtebedrywe wat in Wes-Kaapland reeds tot sulke groot hoogtes gevorder

het. Juis hierdie fenomenale vordering stel nog groter eise vir die toekoms, en ek hoop dat die voorreg om soveel welwillende waardering en bestendige vordering waar te neem as vrug op hulle bydraes, almal hierby betrokke, sal aanspoor tot nog groter toegewydheid aan die taak ten behoewe van een van die mooiste bedrywe in ons land.

Vir sover dit my en my Departement betref, wil ek u graag weereens die versekering gee dat ons die belange van u bedryf op die hart dra. Net soos in die verlede sal ons in die toekoms ook nie op ons laat wag nie om u, op die wetenskaplike front, met raad en daad by te staan om probleme te bowe te kom en om die belange van hierdie grootse bedryf te bevorder.

Uitgereik deur:  
Departement van Inligting,  
PRETORIA.  
8/11/62



KONGRES VAN DIE VROUE-LANDBOUVERENIGING - KAAPLAND

OPENINGSTOESPRAAK VAN MNR. WENNIE DU PLESSIS

Op Beaufort-Wes, 10 vm. :

Dinsdag, 13 November 1962.

No. 262/62 (P)

1. Dank vir uitnodiging.

2. Toe u hierdie uitnodiging aan my gerig het, was u so vriendelik gewees om aan my 'n aanduiding te gee van die onderwerp waaroor u graag wil hê dat ek moet praat. U het my laat weet dat u Kongres vanjaar min of meer in die teken van internasionale verhoudinge staan en dat u lede besondere aandag gee aan u program "Internasionale Sake".

Terwyl dit so is en die tema van my openingsrede dus, in hoofsaak, gewy sal wees aan sekere aspekte van ons samelewing in die groot wêreldgemeenskap, is dit sekerlik van pas dat ek op hierdie plek waar ons vergader eers hulde bring aan iemand wat nou al vir soveel jare op die voorpunt staan van Suid-Afrika se stryd op die internasionale terrein en wat ook die Parlements lid is van hierdie kiesafdeling. Ek verwys natuurlik na ons Minister van Buitelandse Sake, Adv. Eric H. Louw. Soos die jare gekom en gegaan het, het die stryd wat hy namens Suid-Afrika moes voer steeds skerper geword en die las wat hy moes dra, moeiliker. Dit is egter kenmerkend van min. Louw dat hoe groter die uitdaging van die tyd is, hoe kragtiger reageer hy daarop. Waar baie mense geneig sou wees om vermoed te raak onder die las van die probleme, put hy inspirasie daaruit en staan hy steeds aan die spits van die stryd ten behoeve van sy land en van sy mense. Ons bring hulde aan hom daarvoor.

Ek let op uit die stukke van u Vereniging wat u my gestuur het, dat u 'n baie aktiewe liggaam is en dat u belangstelling oor 'n wye terrein strek. Daar is nog baie mense wat dink aan 'n Vroue-Landbouvereniging as 'n liggaam wat hom hoofsaaklik bepaal tot die huisvlyt en wat, daarbenewens, toesien dat die mans hulle werk behoorlik doen op hulle Vereniging. Ek het nie ingegaan op die geskiedenis van die Vroue-Landbouverenigings nie maar hulle het seker, net soos alle organisasies, klein en beskeie begin en deur die inisiatief van hulle lede tot die invloedryke liggame gegroei wat hulle vandag is - invloedryk ook in die entoesiasme wat hulle verwek by hulle lede en die stimulus wat hulle verskaf tot 'n steeds uitbreidende belangstelling in die mens se doen en late en in al sy pogings om 'n voller en beter lewe te skep, veral vir diegene binne die eie belangesfeer.

Ek was verras deur die omvang en die verskeidenheid van die sake waaraan die lede van u onderskeie sirkels aandag gee en verheug in die bydrae wat u sodoende aan ons Suid-Afrikaanse samelewing maak. Ek wil u graag gelukwens daarmee en die hoop uitspreek dat u werksaamhede beloon sal word beide deur die bevrediging wat u persoonlik daaruit put en die geluk wat u daardeur aan ander verskaf.

Ek let op dat u nie net in Suid-Afrika optree nie maar dat u, as deel van u werksaamhede, afgevaardigdes gestuur het na die onlangs gehoue Konferensie te Melbourne, Australië van die Wêreldbond van Plattelandse Vroue. Sodoende betree u ook die internasionale terrein. Ek weet hoe 'n belangrike liggaam hierdie Bond is en watter goeie werk daar vir Suid-Afrika, deur u affiliasie met daardie liggaam, gedoen kan word. Die verslag van die afgevaardigdes sal met belangstelling afgewag word. Dit is dan ook in hierdie verband dat u vir my gesê het dat u Kongres hierdie jaar in die teken sal staan van wêreldgebeure en dat u my aangespoor het om hieroor 'n paar gedagtes uit te spreek. Ek doen dit met genoeg maar wil terselfdertyd duidelik voorop stel dat ek my met voorbedagte rade daarvan sal weerhou om my uit te spreek oor daardie aktuele kwessies waarmee S. Afrika op hierdie tydstip te doen het by die V.V.O. Nie alleen val dit buite my terrein nie, maar 'n mens kan nooit seker wees dat enigiets wat jy hier sê nie deur ons vyande aangegryp en miskien in verdraaide vorm teen ons afvaardiging in New York gebruik sal word nie. Die uiterste versigtigheid, nie alleen vir my nie, maar ook vir andere wanneer hulle hulle oor hierdie delikate aangeleenthede uitlaat, is dus gerade.

Maar daar is tog nog 'n hele veld waarop ons met nut en, inagnemend ons verantwoordelikheid teenoor mekaar en teenoor ons land, ons wel kan uitspreek. Die tema wat ek gekies het, nl. die wêreld waarin ons lewe, is die een wat vandag die gemoedere van alle denkende wesens bevange hou. Watter magte speel hulle in die wêreld af, op watter pad word die mensdom hierdeur gelei - of miskien meer dikwels gedryf - wat hou die toekoms vir ons in en wat kan ons doen om van ons kant, 'n bydrae te maak wat bevorderlik sal wees tot die handhawing van vrede en die bestendiging van menslike geluk? So'n bydrae sal ook moet insluit die vraag wat ons te doen staan om die dinge te bekamp wat afbrekend en vernietigend inwerk op die groot doelstellings wat vir ons as godsdienstige nasie neergelê is in die christelike etiek en in die ou tradisionele

waardes waarop ons samelewing gebou is en wat dit vir ons moontlik gemaak het om die hoogtepunte te bereik waarop ons vandag staan.

Dit is nie eers nodig om baie ver in die geskiedenis terug te gaan nie om die merkwaardige, byna verbysterende bydrae tot die potensiaal van menslike geluk te sien wat voortvloei het uit die toenemende ontsluiting van die rykdomme en magte wat sluimerend gelê het - en nou nog lê - in die menslike gees. As ek terugkyk oor die bestek van my eie lewe, en ek let op die vooruitgang wat gemaak is op die terrein van die versorging van mens en dier en plant - van alles wat lewe in hom het en vatbaar is vir verryking en veredeliking - dan kan 'n mens slegs met verwondering en met groot dankbaarheid daarteenoor staan. Die verslae van u onderskeie sirkels, waarvan ek so ewe gepraat het, getuig daarvan. Selfs die feit van u teenwoordigheid hier as geakkrediteerde afgevaardigdes in hierdie Kongres, getuig van 'n fase in die ontwikkelingsgang van die vrou, wat sommige van ons miskien al vergeet het nl. dat dit nodig was vir die vrou om 'n stryd - en dikwels 'n verbetering - te moes voer vir haar eie "emansipasie" soos dit destyds genoem was. Dit kom ons nou as 'n bietjie onwerklik voor. Dit lyk so lang gelede, maar in werklikheid was dit maar nou die dag. Eigenlik is daar vandag nog groot dele van die wêreld waar die vrou nog nie die posisie wat u het, bereik het nie. Daar is van hulle wat dit nie wil hê nie, al sou hulle dit kon kry.

Ek gaan nie daarop in of hierdie vroue wys of onwys handel nie maar daar is een aspek waarop ek noodgedwonge, teen die agtergrond van die tema waaroor ek praat, moet wys en dit is dit:

Ek het gesê dat die mensdom verbysterende vooruitgang gemaak het gedurende die afgelope paar dekades. In hierdie vooruitgang het die vrou 'n besondere rol gespeel en 'n voortreflike bydrae gemaak, beide in haar kapasiteit as vrou en as gelykwaardige vennoot van die man.

Ongelukkig egter hang daar 'n wolk, swaar belaaie met dreigende onheil, oor dieselfde mensdom wat so merkwaardig vooruitgegaan het en wat, paradoksaal, deur dieselfde magte wat hierdie vooruitgang bewerkstellig het, tot algehele vernietiging kan geraak.

Wat ek nou, in alle erns, aan u wil sê, is dit:

Net soos die vrou krediet moet ontvang vir haar groot bydrae tot die verwesenliking van die goeie dinge, net

so dra sy, deur die feit van haar emansipasie en haar vennootskap, mede-verantwoordelikheid vir die skepping van 'n toestand wat daartoe gelei het dat die mensdom vandag sidderend op die afgrond staan van algehele vernietiging, nie net van die beskawing wat ons ken nie maar van die lewe self. Dit help nie om ons oë daarvoor te sluit en op 'n grondslag van wensdenkery vir onself wys te maak "dat dit nie sal gebeur nie". Die feit is dat dit kan gebeur en dat die beslissing of dit sal gebeur in die hande lê van mense net soos u en ek wat onderhewig is aan dieselfde emosies en dieselfde drange, dieselfde hoop en dieselfde vrees, dieselfde krag en dieselfde swakhede en by wie, net soos by ons, die kwade sowel as die goeie voortvloei uit die onpeilbare prosesse van die menslike gees.

Vir hierdie toestand, soos ek gesê het, is die vrou mede-verantwoordelik, nie alleen waar sy in haar eie reg 'n regstreekse rol speel in die parlementêre en internasionale beleidsvormende vergaderings nie, nie alleen omdat sy deur die verwerwing van die stemreg in meeste Westerse lande 'n seggenenskap het in die bepaling van die vraag deur wie daardie lande regeer word nie, maar ook vanweë die skeppingsfeit dat sy in geheel die wêreld 'n deurslaggewende invloed het op die man - of kan hê indien sy dit wil hê. Dit sal vir u netnou duidelik word waarom ek so'n besondere klem lê op die verantwoordelikheid, sowel as op die magsposisie van die vrou, en u sal dan ook begryp dat dit nie 'n poging aan my kant is òf om u te vlei, òf om die posisie uit perspektief te stel nie.

Voordat ons daarby kom sal ons vlugtig kyk hoe die wêreld waarin ons lewe nou daaruit sien.

Ek het reeds gewys op die byna onmeetlike vooruitgang wat gemaak is in al die dinge wat kan lei tot 'n langer, voller en 'n gelukkiger lewe vir alle mense op aarde. Die oorgrote meerderheid van die mensdom is dit, op hierdie tydstip, nog nie deelagtig nie, maar die moontlikheid dat hulle dit gedurende hierdie eeu deelagtig kan word is ten volle daar. Die mens het so vinnig gevorder dat hierdie aardbol vir hom al te klein geword het vir die ontplooiing van sy uitbundige energie en byna grenslose vindingrykheid. Hy peil nou die hemelruimtes en soek ook daar na voorwerpe vir die toepassing van sy vernuf. Die hemelbane is vol van wentelende satelliete met doelstellings wat weinige onder ons kan begryp. Een is al geruime tyd op pad na Venus om vir ons te sê hoe dinge daar lyk en dit word gesê dat selfs ons eie wetenskaplikes in Suid-Afrika in staat sou wees om sy gang na sy bestemming te kan

beïnvloed, as hulle wil. Dit word ook gesê dat, as 'n mens 'n stukkie grond op die maan wil hê, jy nou reeds moet begin aanstalties maak want mense sal daarheen gestuur word binne die volgende vier, vyf jaar. Die Russiese vlag, so sê die Russe, is alreeds daar en 'n Russiese satelliet is nou op pad na Mars.

Hier op aarde het die mens sy heerskappy bewys oor alles om hom heen, ook in die lug, op die water en onder die water en daar skyn niks te wees wat buite sy bereik is nie, behalwe omtrent die eenvoudigste van alle dinge, nl. om só te lewe dat sy lewe vir homself behoue kan bly en dat hy en sy nageslag kan geniet van die rykdomme, na liggaam en na gees, wat deur en vir hom ontsluit word.

Omdat hy hierdie voorskrif nog nie kon vind en hierdie geheim nog nie kon ontsluit, soos hy so baie ander wel ontsluit het nie, word 'n groot deel van sy skeppingsvermoë negatief aangewend in die daarstelling van moordtuie van allerlei aard en van so'n omvang dat totale vernietiging van alle lewe op aarde nou binne sy beslissingsveld lê. Omdat dit so is, is miljoene van mense in meeste lande van konstruktiewe werk onttrek en bly hulle gedurigdeur onder die wapen en op hul hoede, sodat hulle nie oorval word nie. Om net een voorbeeld te noem: Die Verenigde State van Amerika het nou 2,800,000 man onder die wapen en omtrent 1,000,000 burgerlikes in sy Departement van Verdediging. Verdere miljoene van mense is in fabriek en nywerheids- en navorsingsinrigtings van allerlei soort besig met verdedigingswerk. Die jaarlikse uitgawe op verdediging is meer as 50,000 miljoen dollars of sewekeer die totale nasionale inkomste van Suid-Afrika. 'n Netwerk van militêre installasies wat die aarde omspan is 24 uur uit die 24 op hul hoede terwyl duisende kernbombelaaide vliegtuie - elkeen sterker as die atoombomme wat Nagasaki en Hiroshima verpletter het - skepe en duikbote dag en nag gereed staan vir aksie. Wat vir Amerika geld, geld ook in kleiner mate vir Rusland, vir Engeland, Duitsland, Frankryk en so baie ander. Gevaarpunte is volop. As dit nie Berlyn is nie, is dit Kuba, of Laos of Formosa, of Indië, die Midde Ooste of iewers in Afrika - en so word deur ons vyande gesê: ook hier by ons.

'n Mens sou reken dat met so baie gevaarpunte en met so baie plofstof wat kwistig in die wêreld rondlê ons hieronder, in die verre suide van Afrika, met rus gelaat sou word sodat ons kan voortgaan met die moeilike maar tog inspirerende taak wat op ons rus om aan die wêreld 'n voorbeeld te verstrek van hoe mense - verskillend van ras, kleur en geloof -

in vrede en tot wedersydse voordeel met mekaar kan saamlewe. Dit is 'n probleem waarteen die hele wêreld buite ons grense hulle gedurig nerfaf loop omdat hulle geen werklike oplossing daarvoor het nie. Ons sê dat ons wel 'n oplossing daarvoor het en dat die hewys daarvoor reeds gelewer is, omdat dit gevind sal word in die feit dat ons al vir geslagte lank op 'n basis van afsonderlike ontwikkeling binne dieselfde geografiese grense saamlewe, sonder dat ons ons land moes omskep in 'n gewapende kamp. Ons het mekaar nie uitgemeor nie, maar instede daarvan het ons ons pragtige land sodanig ontwikkel dat hy in sy politieke stabiliteit en ekonomiese groeikrag die afguns verwerf het van byna al die lande van die wêreld. Ons geniet nywerheidsvrede soos weinig andere en, was dit nie vir die werk van agitators van binne en van buite ons grense nie wat veroorsaak dat ons nou gedwing word om maatreëls in te stel teen die gevolge van sodanige agitatie, sou ons 'n maatstaf van ekonomiese ordelikheid en politieke stabiliteit daargestel het vir almal tot voorbeeld.

Hierdie geleentheid word ons egter nie gegun nie omdat ook ons in die koue oorlog betrek is - 'n oorlog wat niemand in die hele wêreld ontsien nie en wat die groot fundamentele waarhede waarop ons volkslewe gebou staan en van die handhawing waarvan ons vir ons voortbestaan afhanklik is, misken en verontagsaam. Daar word vandag, deur die feit dat ons in hierdie oorlog betrek is, 'n aanslag op ons gepleeg wat as doelwit het ons vernietiging as 'n selfstandige nasie met 'n eie lewensvorm en inhoud, gegrondves op norme en lewenswaardes wat deur ontelbare geslagte heen gevorm en bewaar is en met sorg en moeite deur die een geslag aan die ander as sy kosbaarste nalatenskap aangegee is.

Dit sal goed wees as ons die magte en invloede in die internasionale sfeer wat teen ons gemik is en wat almal tesaam 'n bedreiging van onmeetlike omvang vorm by name ken sodat ons, deur hierdie kennis gewapen, kan toetree tot die stryd wetende wie ons vyand is en wat dit is wat ons moet beveg.

Ons sou 'n fout maak indien ons ons vyand sien net in terme van mense en van nasies. Ons moet ons vyand soek, vind en verslaan op 'n ander en baie belangriker terrein nl. in sy broeiplekke in die menslike gees - dit om die eenvoudige rede dat hierdie bittere stryd wat vandag soos die onsigbare vlae van 'n rukwind deur heel die wêreld en deur al die lae van die menslike samelewing waai, 'n stryd is van idees, of soos dit meer populêr genoem word, van ideologië. Dit sou vir

ons 'n fatale misrekening kon word indien ons die stryd slegs sien in terme van materiële faktore soos nasionale beveiliging, groter grondbesit, beheer oor produksiebronne, handelsvoordele ens. Dit is waar dat hierdie oorwegings 'n rol speel, somtyds meer en somtyds minder, maar die wese van die stryd gaan nie daaroor nie. Dit gaan oor die mens self en dit is toegespits op sy diepste siele-oortuigings. Om hierdie stelling te illustreer, hoef ek dit maar net vir u te noem dat die kommunisme nie eers toegee dat die mens 'n siel het nie. Vir hulle is die mens niks hoër nie as die mot wat vir 'n kort tydjie verblind word deur die aantrekkingskrag van die vlam om daarna deur dieselfde vlam verteer te word en terug te keer tot die stof waaruit hy gekom het. Wat 'n bestaan en wat 'n inhoudlose lewe! Die kommunis besef nog nie - hy sal dit later doen - hoe gelukkig hy is dat die siel wat hy met veragting op die ashoop gooi nie syne is om weg te gooi nie. Die Skepper se genade teenoor Sy skepping is inderdaad grensloos.

Maar dit is hierdie kommunisme wat vandag in groot dele van die wêreld hoogty vier en haas ontelbare miljoene van mense in sy fisieke en geestesvernietigende magsgreep het. Ook in ons land het hy sy apostels en agente en ook in ons land gebruik hy mense en instellings in sy diens wat dikwels nie eers bewus is van wie die heer is wat hulle dien nie. Verblind deur hul hartstogte, stuur hulle nie net op u en my vernietiging af nie maar ook op hulle eie.

Die kommunisme maak die slimste gebruik, net waar hy kan, van mense en van omstandighede om die mens self vir homself te verower. Ons weet hoe hy woorde, begrippe en dade, drifte, emosies en ideale aangryp en verdraai en in hulle verdraaide vorm dienstig maak aan sy eie globale veroweringsveldtog. So gebruik hy die liberalisme net waar hy kan om twyfel, ergernis en stryd te veroorsaak. Liberalisme het verskeie definisies en verskeie vorms in verskeie dele van die wêreld. Ek bedoel hier daardie vorm van politieke liberalisme wat sy inspirasie put uit die egalitarisme - die gelykheidsleer waarop ek netnou sal terugkom. Die kommunisme gebruik ook die humanisme, die anti-kolonialisme en die neo-kolonialisme sowel as die drifte en aspirasies verwek deur die Pan-Afrikanisme, om van almal van hulle puntige instrumente te maak in sy poging om die behoudende, d.w.s. die konserwatiewe deel van die wêreld se mensdom, òf tot onderwerping te dwing òf om hulle te vernietig. Hy het die tegniek van die leuen tot volmaaktheid verfyn en daarby nog daarin geslaag om die leuen te laat beskerm deur die

misbruik van die waarhede en vryhede wat deur die eeue heen deur die Westerse beskawing gegenerereer is. Dit is grusaam om dit te aanskou want daardeur bly hy op die aanval en die westerling op die verdediging. As Sekretaris van Inligting weet ek goed uit daelikse ondervinding, hoe vinnig die leuen kan loop en hoe dikwels die waarheid nie daarin slaag om hom doeltreffend te agterhaal nie. Dat die waarheid hom sal agterhaal kan u as vanselfsprekend aanneem, maar dit is moontlik dat dit eers sal gebeur na 'n kragmeting tussen leuen en waarheid, tussen die kwade en die goeie, wat hierdie wêreld tot in sy fundamente sal skud. Dit lyk vir my soms haas onafwendbaar dat daar uiteindelik so'n kragmeting sal wees en daarom is dit goed dat ons weet wie ons vyand is en waar hy skuiling hou. Dit is veral goed vir u as vrou en moeder om dit te weet want dit is u kinders wat die slagoffers van daardie stryd mag word.

Madame President, nobody regrets it more than I do that the circumstances in the world in which we live force me to speak in such harsh terms to you today. But I would be failing in my duty towards you and towards my own conscience if I were, even by implication, to suggest to you that we can avoid being drawn into this conflict of the ideologies; that we can stand on the side-lines and in personal detachment watch the clash of the contending forces in this greatest drama since the days of Lucifer's ejection from heaven. We who belong to the conservative element in the world are not aggressive by nature and we are perhaps inclined to avoid a challenge such as the one with which we are now confronted. If we do this, however, we might eventually find that through our inaction we have allowed the enemy to become so firmly entrenched within our gates that we would have delivered ourselves into a bondage from which there would be no escape. Already it has happened to many millions of people in other places - it could also happen here.

I have mentioned to you the grave threat posed to us by communism which, in its quest to conquer not only the physical world but the mind of man itself, has already made alarming progress even if, in some instances, only by the creation of chaos and confusion, in all quarters of the globe. Nevertheless, its successes notwithstanding, it finds itself, time and again, confronted by two obstacles which taken together, must and will, without there of necessity having to be recourse to arms, eventually cause communism's defeat and complete downfall.



These are that man is a spiritual being and, no matter the teachings of his communist masters, will in the moments of darkness and distress always reach out to the everhelping hand of his Divine Creator. The second is that the highest and the best of which man is capable has, from the very beginnings of creation, expressed itself in his association with his own kind, starting in the most basic of human relationships, nl. that of the family.

What communism has done to obliterate the image of God in the minds of its adherents is well-known to you. What it has done in its endeavours to destroy the family as the fundamental unit in society, is also well-known. In Soviet Russia the effort collapsed long ago but in Red China it is still proceeding to this day. And remember that it is in China that the very highest traditional values of the people over many thousands of years were based on the unity of the family and on the respect generated for traditional values in the intimacy of family life. This has, however, not safeguarded the Chinese people from a vicious onslaught on this holy of holies of their national life, just as you, sitting in front of me now, will not find yourselves and your families safeguarded should communism gain the upperhand here.

I would be failing in my duty if I did not say to you, in all seriousness, that such an onslaught is even now being waged against us, in this country, far away from the main events in the world we may imagine ourselves to be. This is being done under the cloak of several of the many movements which communism uses to its own advantage. I do not say that these movements, in their original conception, were intended so to be used and that their adherents are willing tools and purposeful collaborators of communism. But the fact is that they are so being used. I have already mentioned to you some of these major movements in the violent cross currents of international life as we know it today. I now come to the last example which I wish to mention. This is one of the major tools in the communist armoury and one which is insidiously, but nevertheless directly, aimed at the destruction of that most fundamental unit in human society, nl. the family. And do not imagine that this concerns other people's families in other parts of the world. It concerns your families too, here in this land of ours.

The movement of which I speak is the one that goes - and flourishes - under the name of egalitarianism. Its best

known protagonist was the philosopher Jean Jacques Rousseau whose slogan of "Equality, Brotherhood and Liberty" not only swept the Europe of his time but today sweeps the world. In this process it has attained a dynamic political content which threatens the very roots of the sound evolutionary growth of the human being and has attained overtones of slobbery sentimentalism which threatens to turn into a disease.

What is wrong with it? In its highest theoretical meaning nothing. As an ideal at the other end of the long road of man's evolutionary growth as a spiritual being, it stands as a beacon directing the way towards that ultimate goal of which the Bible speaks when the beginning will have become the end - the Alpha the Omega. But that time is not yet - man's growth is not yet such that this objective can be seen otherwise than through a haze, or as the Bible puts it, through a glass darkly.

But what is happening? The ideal embodied in the concept of "Equality, Fraternity and Liberty" has become a weapon in the hands of those who think of equality as equality in terms of slavery, of fraternity as brotherhood within the rigid confines of a system which hangs iron curtains and builds walls so that liberty can be contained in the hands of a few and isolated as if it were a contagious disease.

That man is spiritually equal need surely not be a matter for contention. That he is equal in any other respect is a lie. Yet it is on this lie that a movement has been and is being built which is capturing the minds of millions of people in all countries of the world. It has swept through the whole of organised society and finds its strongest adherents and its most purposeful protagonists in the ranks of the intellectual elite in the West's academic and religious institutions and in the organisations which control the media of mass communication.

Any honest egalitarian will tell you that he considers nationalism as something evil; that it is the biggest divisive factor in the world and that it should therefore be destroyed, so that it will make way for one world community under one supra-national world government. Then, so they say, men will live in peace with one another, everybody being equal to everybody else, with no frustrations, no hates, no fears, - I am tempted to say, using an American expression, with no nothing. And in this there lies a great truth, for I think that in this Egalitarian Utopia there actually will be no nothing. No spur to human achievement at all, a stultification

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

**PUBLISHER:**

*Collection Funder:- Atlantic Philanthropies Foundation*

*Publisher:- Historical Papers Research Archive*

*Location:- Johannesburg*

©2013

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.